Wys my die weg, Here

# Alles is so vreemd

## Bybelteks

*Aan die riviere van Babel, daar het ons gesit en gehuil wanneer ons aan Sion dink. Aan die rivierwilgers in daardie land het ons ons liere opgehang. Hoe kan ons 'n lied van die Here sing op vreemde grond?*

**– Psalm 137:1-2, 4**

## Kernwaarheid

**Wanneer ons hartseer is, is dit goed om dit vir die Here te vertel. Só onthou ons dat Hy by ons is.**

### WELKOM

Watter musiek luister jy wanneer jy ...

- bly is?
- nostalgies is?
- hartseer is?
- kwaad is?

### WONDER

- Hierdie psalm (gedig) word geskryf in reaksie op die Israeliete wat in ballingskap weggevoer is. Watter emosies verwoord die digter met hierdie psalm?

- Wat gebeur tans in die wêreld wat jou ontstel of hartseer maak?

- Watter gebeure in ons land ontstel jou of maak jou hartseer?

- Watter dinge in jou lewe ontstel jou of maak jou hartseer?

## WEES

- Kyk na die tydlyn wat jy van jou lewe geteken het. Dink 'n rukkie na oor hoe God in die goeie én slegte dinge teenwoordig was. Skryf 'n paar gedagtes neer as jy wil.

- Wat leer jy uit hierdie psalm oor moeilike tye in jou lewe?

## WEGSTUUR

Steek iewers gedurende die week 'n kers aan en dink 'n rukkie na oor al die hartseer in die wêreld. Gesels met God daaroor.